LAERSKOOL BEAUMONT PRIMARY SCHOOL

Liewe Ouers 24 November 2011

Die volgende inligting is hierdie week vir u aandag:

1. VERBETERINGE AAN GEBOUE

Ons swembadarea is nou voltooi wat die aanbouings betref. Die sitplekke sal vroeg volgende jaar geverf word. Die ingang en muur sal Maandag voltooi word. Die bouwerk aan die klasse vorder mooi en die bouers hoop om teen 15 Desember 2011 dakhoogte te bereik.

2. SPESIALE VERSOEK AAN OUERS

Ons herinner u vriendelik om Karin Suart by die kantoor in te lig indien u kind NIE IN 2012 NA BEAUMONT GAAN TERUGKEER NIE. U kan dit per epos, faks of brief doen. Die kontakbesonderhede is:

karin@beaumont4u.co.za
(021) 852-1295 (faks)

Goeie kommunikasie is belangrik om Beaumont suksesvol te bestuur. Ons vra dus dat u u persoonlike inligting via die webtuiste op datum bring, sou daar enige veranderinge wees. Volg die eenvoudige stappe op bl. 4 van hierdie skrywe. Dankie vir u ondersteuning in hierdie verband.

Wees asseblief bedag wanneer u Onse Jan gebruik om u kind af te laai of op te laai. Leerders hardloop oor die pad sonder om te kyk of daar motors is. Moedig asseblief u kind(ers) aan om versigtig te wees!

3. RATANGA JUNCTION

Ons herinner ouers wat hul geld van die Ratanga Junction kaartjies terug wil hê, om dit voor Vrydag 25 November 2011 af te haal. Indien dit nie afgehaal word nie, sal dit weer gedeponeer word.

Indien daar steeds ouers is wat op Saterdag 26 November 2011 deel van ‘’n pretdag by Ratanga wil wees, kan hulle nog steeds kaartjies by Lynne Jacobs by die finansiële kantoor koop. Die laaste geleentheid om kaartjies te koop is Vrydag 25 November 2011.

4. HANDBOEKE 2012: GRADE 4 – 7

U het ‘’n brief ontvang rakende handboekverkope. Lees asseblief die brief noukeurig deur en maak ‘’n nota van die datum vir indiening en afhaal van die boeke. **ONTHOU OM U KIND TE VRA VIR DIE BRIEF.**

5. TOYS FOR JOY

Ondersteun asseblief hierdie projek wat jaarliks deur die Helderberg Rotary Anns gedryf word. Hulle aanvaar speelgoed in ‘n goeie toestand, en enigiets sal waardeer word, maar hulle is nie in staat om speelgoed reg te maak nie. Die speelgoed kan by mev Ytier in die Graad 4e1- klaskamer ingehandig word. Plaas asseblief die speelgoed in plastieksakke om dit makliker te maak om te stoor. **Die projek sal op Vrydag 2 Desember 2011 eindig**. Ons maak weer eens staat op u ondersteuning om van hierdie projek ‘n groot sukses te maak en om speelgoed aan minderbevoorregte kinders te voorsien.

6. “BEAUMONT’S GOT TALENT”

Het u geweet dat Beaumont hope talentvolle leerders het? Sommige sing, ander dans en ander speel toneel. Slegs enkeles het werklik die vermoë om “Beaumont’s Got Talent” te wen.

Vyf en dertig items gaan op 5 Desember 2011 om 19:00 op die verhoog opgevoer word. Ons paneel van beoordelaars bestaan uit 6 professionele persone. Daar sal ‘’n eerste en tweede prys vir elke ouderdomsgroep wees. Daar sal ook ‘’n paar verrassingsoptredes deur talentvolle personeellede wees. Moenie dit misloop nie! Ondersteun u kinders in hierdie verband.

Toegang is R30 per persoon. Leerders wat deelneem betaal nie. Kaartjies kan by Margi in die finansiële kantoor gekoop word.

7. SKOOLGELD

Onthou asseblief dat alle uitstaande skoolgeld teen Vrydag 9 Desember 2011 betaalbaar is.

Bankbesonderhede is soos volg:

LAERSKOOL BEAUMONT
REK NR: 53680066273
TAKKODE: 200512
VERWYSING: Jou skoolgeld rekeningnommer

Faks asseblief die bewys van betaling aan (021) 852-1295

Indien u nie die rekening teen hierdie datum ten volle kan betaal nie, kontak asseblief vir Margi van de Merwe in die finansiële kantoor. Indien u nog nie u voltooide debietorder aanpassingsvorm vir 2012 by die finansiële kantoor ingehandig het nie, skakel asseblief vir Margi (021) 851-7124 uitbr 1. Dit is noodsaaklik aangesien die skoolgeld van R825.00 na R905.00 per leerder per maand, vanaf 1 Januarie 2012, verhoog iword. U samewerking word waardeer.

LET WEL: Ons verwys na die inligtingspakket wat deur alle ouers voltooi is wat u betalingskeuse vir die betaling van skoolgeld van R10860,00 vir 2012 aangedui het. Die volle bedrag van R10860,00 is vooraf betaalbaar teen 28 Februarie 2012 (min 7% afslag), tensy een van die alternatiewe betalingsopsies gekies is. Indien enige gedeelte van die totale skoolgeld nie betaal is soos wat op die finansiële pakket aangedui is nie, sal die volle bedrag dadelik betaalbaar wees en dan aan 'n skuldeiser oorhandig word.

Indien u internetbetalings, krediet/debietkaartbetalings, aftrekorders of kontant/tjek by die skool gekies het, tref asseblief die nodige reëlings om te verseker dat betaling vanaf Januarie tot Desember 2012 geskied. Indien u vir volle/gedeeltelike vrystelling aansoek gedoen het, skakel asseblief vir Margi in die finansiële kantoor by (021) 851-7124 uitbr 1 of margi@beaumont4u.co.za teen 9 Desember 2011 om die nodige aansoekvorms in te vul en besorg dit terug aan die skool teen einde Januarie 2012. Dankie vir u ondersteuning.

8. SANDWICH SPREAD



Daar is net 2 Vrydae oor vir die aflewering van toebroodjies by Laerskool Macassar. Aangesien ons slegs vir 2 snye brood met 'n vulsel een keer per week vra, vertrou ons dat almal sal kan bydra. 'n Spesiale woord van dank aan die leerders wat hul weeklikse bydrae meer persoonlik maak met 'n stukkie vrug, 'n lekkertjie of 'n boodskappie van aanmoediging, asook aan diegene wat gereeld meer as een toebroodjie stuur.

9. VERLORE GOEDERE

Daar is nog 'n paar items wat nog nie afgehaal is nie. Indien u 'n briefie ontvang het, moet u **asseblief verlore items by Verlore Goedere** (buite mnr Momberg se klaskamer) **van 12:45 – 13:15 op Vrydag 25 Nov of Vry 2 Des. kom afhaal.** Alles wat nie afgehaal word nie, sal in die gang buite Bennie se kantoor uitgestal word van Maandag 5 – Woensdag 7 Desember. Soos gewoonlik, sal alle items wat dan nie afgehaal is nie, aan die Halli Trust welsynorganisasie geskenk word vir verspreiding aan minderbevoorregte kinders in ander gebiede. Moet asseblief nie skooluniforms plaaslik weggee nie, aangesien dit op straat gedra word. Indien u kaste leegmaak, kan u gerus enige oortollige klere by die kantoor inhandig.

10. BEAUMONT KLEREWINKEL

Die Beaumont Klerewinkel sal op die volgende datums oop wees. Ons vra om verskoning vir enige ongerief wat met die bouwerk veroorsaak word en u word versoek om geduldig te wees in hierdie verband.

NOVEMBER
- Dinsdag 29 November 12:45-13:30

DESEMBER
- Donderdag 1 Desember 12:45-13:30
- Dinsdag 6 Desember 12:45-13:30
- Donderdag 8 Desember 12:45-13:30

JANUARIE 2012
- Maandag 9 Januarie 2012 09:00 – 15:00
- Dinsdag 10 Januarie 2012 09:00 - 15:00

11. Tag – A-Long ETIKETTE

Somer is hier! Dit is noodsaaklik dat nuwe somerklere, kosblikke, waterbottels, skryfbehoeftes ens. vir 2012 duidelik gemerk is sodat verlore goedere aan hul regmatige eienaars terug besorg kan word. Tag – A-Long en Beaumont span weereens saam om 'n reeks etikette hiervoor te voorsien en terselfdetyd fondse vir die skool in te samel.

Tag-A-Long is ook gelys onder "Business Names" in die Beaumont Besigheidsondersteuningsklub.

Beaumont ontvang 'n persentasie van alle bestellings en onderneem om alle gemerkte goedere aan leerders terug te besorg. Voorbeelde van die etikette is by Elmarie in die klerebank beskikbaar.

Vir verdere inligting kontak Karen Snyman by karensnyman@telkomsa.net of (082) 925 9988

12. HERWINNING

Daar is nog net twee Maandae oor om te herwin! Kan jy dit glo? Die jaar het omtrent verby gevlieg.....maar Beaumont het 'n groot impak op 'n positiewe manier op die omgewing gemaak. Ons het tot dusver 21 952kg papier en tydskrifte en 162 020 kg gewone herwinning ingesamel. Baie geluk!

13. KULTUUR

Die Senior koor en die Blokfluitensemble neem op Sondag 27 November aan die WOW Kerskonsert te Neethlingshof deel. Hulle sal saam met talle bekende kunstenaars, soos DOWWE DOLLA, JAK DE PRIESTER, NEDINE BLOM, ANDREA WINCKLER, WILKEN CALITZ(Vioolsolo), BALLET(CTBC) en nog talle ander deelneem. Die konsert begin om 18:30 en sal om 20:30 klaar wees. Die area is perfek vir piekniek, so bring u piekniekkomberse, kussings en piekniekmandjie en geniet hierdie heerlike geleentheid saam met ons! Kaartjies sal by die hek te koop wees en kos R100, maar die ouers van die koor- en ensemblelede betaal slegs R50. Boeties en sussies se toegang is gratis.

14. SPORT SPOGHOEKIE

Binnenshuise Hokkie

Die volgende O/12-dogters is tot die PSI Boland spanne verkies:
A-span – Rebeca Kaps and Sarah-Jane Klopstra
B-span – Caitlyn Odendaal
Rebecca Kaps is tydens die Weskaap Kampioenskappe vir die O/12 Weskaap Binnenshuise Hokkiespan verkies en sy sal tydens Desember aan die Nasionale Kampioenskappe deelneem. Ons is trots op jou, Rebecca!

Ballet

Klara Birkenstock het 'n goue medalje by Balletopia Dansateljee verower. Sy is 'n belowende danseres en sy toon baie potensiaal in haar ouderdomsgroep. Veels geluk!

Tennis

Eva du Toit en Lize-Alet Morkel het aan die WP O/11 Tennistoernooi teen Boland en SWD in Paarl deelgeneem. Al die seuns- en dogterspanne van WP het hul wedstryde gewen. Hulle het goue medaljes verower. Mooi so!

Liga uitslae

Krieket

Span	Opponent	Resultate	Speler van die wedstryd
o/10B	vs De Hoop	– Beaum wen met 3 paaltjies	Liam Davis
o/10C	vs De Hoop	– Beaum verloor	Dylan
o/12A	vs De Hoop	– Beaum verloor	Matthew Wolmarans
0/13B	vs De Hoop	– Beaum verloor	
o/13A	vs De Hoop	– Beaum wen met 5 paaltjies	4de agtereenvolgende jaar dat die O/13A-soan die Interskole wen

Tennis

Span	Opponent	Resultate
o/11 Seuns	vs De Hoop	Beaum wen 6 wedstryde teenoor 0 wedstryd
o/11A Seuns	vs De Hoop	Beaum verloor 2 wedstryde teenoor 4 wedstryde
	vs Lochnerhof	Beaum wen 6 wedstryde teenoor 1 wedstryd
o/11B Seuns	vs Lochnerhof	Beaum wen 6 wedstryde teenoor 0 wedstryd
o/13A Meisie	vs De Hoop	Beaum wen 5 wedstryde teenoor 1 wedstryd
o/13B Meisie	vs Overberg	Beaum wen 5 wedstryde teenoor 1 wedstryd
o/13A Seuns	vs De Hoop	Beaum verloor 2 wedstryde teenoor 4 wedstryde
o/13B Seuns	vs De Hoop	Beaum verloor 1 wedstryd teenoor 5 wedstryde
o/13C Seuns	vs Hendrik Louw	Beaum verloor 2 wedstryde teenoor 4 wedstryde

UNIVERSITEIT VAN DIE WESKAAP – FAKULTEIT VAN OPVOEDING – SCIENCE LEARNING CENTRE FOR AFRICA

Beaumont is veral trots op Jaydon Rose (5E1) wat saam met leerders van Laerskool Somerset-Wes die Wes-Kaapse Kampioenskap Toekenning van die onlangse "Robotics" kompetisie ontvang het wat by die Universiteit van die Wes-Kaap gehou is. Hierdie jong kundiges het hulleself bewys in die Wes-Kaapse Eerste Lego Liga Uitdagingstoernooi. Hierdie groep leerders, genaamd The Summie Robo Applies, is genooi om aan die Suid-Afrikaanse FLL Robotics Uitdaagtoernooi op 3 Desember 2011 in Johannesburg deel te neem. Indien hul wen, sal hulle in 2012 aan die Wêreld Robotics Fees in VSA deelneem. Veels geluk!

15. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 25 November	_	Graad 4 – 7 Wiskunde II Toets
	_	Detensie slegs Graad 4 – 7
	_	Toebroodjies
	_	Verlore klerebank oop 12:45 – 13:15
Maandag 28 November	_	Bring herwinning tussen 07:00 – 08:00
	_	Graad 4 – 7 EBW Toets
Dinsdag 29 November	_	Graad 4 – 7 LO Toets
	_	Beheerliggaam einde van jaar funksie

	_	Beaumont Klerebank oop 12:45 – 13:30
Woensdag 30 November	_	Graad 4 – 7 Geskiedenis Toets
Donderdag 1 Desember	_	Graad 4 – 7 Tegnologie Toets
	_	Beaumont Klerebank oop 12:45 – 13:30
	_	Graad R Gradeplegtigheid
Vrydag 2 Desember	_	INHANDIGING VAN HANDBOEKE (SLEGS GRAAD 4 – 7)
	_	LAASTE DAG VIR TOEBROODJIES
	_	LAASTE DAG VIR "TOYS FOR JOY" INSAMELING
	_	Graad R – Kersboom
Saterdag 3 Desember	_	Avontuurklub uitdaging en einde van jaar funksie
Maandag 5 Desember	_	Bring herwinning tussen 07:00 – 08:00
	_	LAASTE DAG VIR INHANDIGING VAN HANDBOEKE (SLEGS GRAAD 4 – 7)
	_	Beaumont Talentkompetisie om 19:00 in die skoolsaal
Dinsdag 6 Desember	_	Beaumont Klerebank oop 12:45 – 13:30
Woensdag 7 Desember	_	Afhaal van handboeke om 08:00 – 13:00
	_	Christenfunksie op sportveld om 18:30
Donderdag 8 Desember	_	Afhaal van handboeke 08:00 – 13:00
	_	Beaumont Klerebank oop 12:45 – 13:30
Vrydag 9 Desember	_	**SKOOL SLUIT VIR AL LEERDERS OM 11:00**
Saterdag 10 Desember	_	Beaumont Strykensemble by Ned Hervormde Kerk Strand
Donderdag 15 Desember	_	**NASORG SLUIT OM 17:00**



Vriendelike groete

Mnr G Reddell
Skoolhoof

21/2011

Liewe "Beaumont4u" ouers

Baie dankie aan almal wat hul webtuiste besonderhede so noukeurig aanpas/aanvul/bywerk, of die kantoor in kennis stel oor veranderinge. Die "Beaumont4u" spesiaal vir die Beaumont-familie ontwerp. Die webtuiste bevat heelwat inligting, is interaktief en sluit hoof bladsye asook 'downloads" vir nuusbriewe, kwartaalbeplanners, sportuitslae, foto's ens. in.

Ons moedig u aan om u inligting op te dateer om effektiewe kommunikasie met Beaumont te verseker.

Eenvoudige stappe om te volg:

1. Besoek die webtuiste: www.beaumont4u.co.za
2. Kliek op 'Login", boonste regterkantse hoek van "home page"
3. Voer u gebruiknaam (username), kodewoord (password) of selfoonnommer in.
4. Indien u u kodewoord vergeet het, of 'n nuwe rekening geopen het, kliek op "Lost your login details" .
5. Sodra u toegang tot u rekening verkry het, sal van u verlang word om u persoonlike rekeningbesonderhede, kommunikasie besonderhede asook leerder se besonderhede op te dateer. Die volledige profiel vir elke leerder moet opgedateer word bv. mediese fonds besonderhede, sport deelname ens. Voltooi asseblief al die afdelings. Indien u meer as een leerder by Beaumont het, moet u asseblief elke kind se toepaslike inligting aanpas/aanvul/bywerk.
6. Indien u nié toegang tot Internet het nie, moet u asseblief een van die sekretaresses in kennis stel.

U kan gerus vir Andre Moreby op andre@magnetpro.co.za of karin@beaumont4u.co.za skakel.

By voorbaat baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Groete
Mnr G Reddell
Skoolhoof